DEEL 115 | WEEK 20 | 19 MEI 2023 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT' ... THE HERALD, IT IS ON ... OUR



# VKB LUISTER NA SY LEDE

Die behoefte vir 'n graan ontvangsdepot op Heilbron is lankal reeds 'n behoefte vir VKB lede. VKB het dit aangespreek en na onderhandelings is daar 'n stuk grond bekom wat nou drie bunkers huisves. Die Reinet depot, wat aan die Noordweste kant van Heilbron geleë is, het die kapasiteit om sowat 30 000 ton mielies te kan berg. Daar is reeds drie 10 000 bunkers opgerig op die perseel met kantore en 'n weegbrug ook in plek. Francois Froneman, Besturende Direkteur: VKB Graan & Korporatiewe Dienste het tydens die vooroesvergadering genoem dat pryse afwaarts beïnvloed word deur die vooruitsig van 'n 15.8 miljoen ton rekord mielieoes. Hy het ook aan lede 'n duidelike prentjie verduidelik van huidige projekte en die toekomsvisie van die maatskappy.

Die reënerige weer Maandag het planne ietwat in die wiele gery om die amptelike opening op die terrein te hou en moes dit toe inderhaas na Stoffel Scheepers se plaas, Reinet, geskuif word. Coenraad Fick, voorsitter van die Direksie het die Reinet depot amptelik geopen. Die depot sal aanvanklik net eers mielies kan ontvang, maar sal teen die volgende seisoen gerat wees vir ander gewasse ook.

Afgevaardigdes van VKB wat die opening bygewoon het op foto bo vlnr: Vandre Fourie - Meganiese Ingenieur, Marike Hamman - Silo Bestuurder Heilbron, Coenraad Fick - Voorsitter van die Direksie van VKB Beleggings (Edms.) Bpk., Sakkie Bosman - Nie-Uitvoerende Direkteur van die Direksie van VKB Beleggings (Edms.) Bpk. en Francois Froneman - Besturende Direkteur: VKB Graan & Korporatiewe Dienste.










# Afskeid word geneem van Basie



• *Theuns Fourie*

Basie Pienaar is op die 11de Februarie 1948 gebore. Pienaar sal onthou word as 'n gemeenskapsman met integriteit. Hy was orals betrokke; kerklik, kultureel en polities in die Heilbron gemeenskap.

Vegkop Geloftefeeste, die vroeër tagtigs met die stigting van die Konserwatiewe Party, asook was hy stigterslid van die AP Kerk op Heilbron, is van die betrokkenheid waarvoor Pienaar onthou sal word. Pienaar was ook betrokke met die stigting van die CVO Skool op Heilbron.

Pienaar was 'n man wat geglo het in sy saak en daarby gestaan het, soos sy Christenskap. Pienaar laat verseker 'n groot leemte in die gemeenskap met sy afsterwe op die 22 ste April.

**WINKELURE**

**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00

**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

# VL waarsku dat polisie afwesigheid kan bydra tot meer lewensverliese van veediewe

• *Vrystaat Landbou*

Vrystaat Landbou (VL) waarsku dat veediewe lewens kan verloor as die veiligheidsagentskappe nie hul regsverpligting nakom nie, sê Francois Wilken, president van VL. Die bewering kom na 'n voorval op 5 April 2023 te Hobhouse, waar 'n vermeende veedief deur die gemeenskap aangerand is en later aan sy beserings beswyk het.

Friedl von Maltitz, vise-president van VL, sê die polisie versuim om veediefstal doeltreffend aan te spreek en te ondersoek. Daar is tekorte in die 11 veediefstal-eenhede in die Vrystaat, insluitend 'n eenheid in Ladybrand wat slegs een ondersoekbeampte het. Die eenheid word weekliks deur aflos speurders van ander eenhede bedien. Die distrik ervaar byna 50% van die Vrystaat se veediefstalsake.

Wilken meen dat boere geen ander keuse het as om saam te groepeer en self optrede te neem nie. Boerderygemeenskappe kla al vir jare oor groot verliese en beweer dat sekere polisiebeamptes betrokke is by veediefstal. VL oorweeg die instelling van private ondersoekers vir veediefstal.


Die gebrek aan polisievermoë om veediefstal doeltreffend te beveg, ondersoek, arrestasies uit te voer en suksesvolle vervolging in die howe te verseker, lei tot die ondergang van boerderygemeenskappe en die landbousektor, waarsku VL.

Veediefstal word nie net as 'n eiendomsverwante misdaad beskou nie, maar as 'n ernstige georganiseerde geweldsmisdaad. Die impak daarvan op die boerderygemeenskappe en die feit dat veediewe gewapen is met vuurwapens, dra by tot die erns van die probleem. Gemeenskapslede is toenemend geneig om eie optrede te neem, wat kan bydra tot anargie in landelike gebiede.

Jakkals le Roux, voorsitter van VL se Landelike Veiligheidskomitee, waarsku die Minister van Polisie, die Kommissaris van die Polisie en topbestuur dat gemeenskapslede toenemend selfreg gaan optree. Hy benadruk die hoë vlakke van frustrasie onder alle tipe boerderygemeenskappe en die potensiële eskalasie van hierdie tendens.

# Hypertension (high blood pressure)

• **Heilbron Clinic**




**LIFESTYLE MANAGEMENT**

1. Non-drug measures are particularly important in the treatment of this condition.
* Should these not be sufficient to control the blood pressure level, then drug treatment will have to be added.
2. Restrict the intake of salt as much as possible, by using very little salt in cooking and avoiding extra salt for flavoring.
3. Eat food, which have high potassium content eg. Fresh fruit.
4. Eat food with a high fire content such as rough maize, brown bread, green beans to increase diet roughage (natural, unrefined and unprocessed foods).
5. If overweight you need to loose weight.
6. Stop smoking
7. Stop drinking
8. Identify causes for anxiety or stress
* These are frequently of a psychological, social or economic nature.
* Visit a social worker, psychologist or an organization, that may be able to help.
9. More relaxation and relaxing activities eg. gardening and other hobbies.
10. Avoid preparations that may make hypertension worse eg.
* Cough, cold and flu remedies
* Nasal drops
* Anti-inflammatory drugs eg Asprin and or Brufen
* Oral contraceptives
11. Moderate physical activity eg. walking 30 min 3-5 times a week.

# Uit die pen: Week 20 van 2023



By ons vorige klein Oos-Vrystaatse dorpie het ons een keer per maand 'n poppekas in die kerk gehad. Daar was twee karakters: Pippa en Jan-Karel. Hulle het die preek vir die kinders verduidelik voordat die dominee begin preek.

Sommige ouer mense het dit heeltemal verafsku, want wat maak hierdie poppe in die kerk? Die liturgiese ruimte word ontheilig. 'n Mens lag nie die vir die Woord van God nie.

Maar die meeste ouer mense was gaande oor Pippa en Jan-Karel en hulle sedelessies.

Een mooi Sondagoggend vertel Jan-Karel vir Pippa dat hy wens hy baie geld gehad het. Wat gaan jy daarmee doen, vra Pippa? Hy gaan vir hom 'n klein, rooi motortjie sonder 'n dak met net twee deure koop.

Pippa was verbaas. "Nou hoekom koop jy nie vir jou 'n kombi nie? Daar is baie meer deure en 'n groot dak."

Ek wou eers 'n groot bakkie met 'n bosbreker vooraan hê. Maar 'n kombi sal ook doen. Want ek wil ook ry soos wat mense met wit kombi's doen.

Vandag se les gaan oor verkeersreëls.

Die meeste mense in SA hou aan die linkerkant van die pad en gaan regs verby. Dis hoe dit in ons ingedril is. Met 'n wit kombi kan ek aan die linkerkant ook verbygaan. Maar net as ek 'n wit kombi het. Natuurlik met noodligte aan. Want dan kan ek na enige rigting draai. Nes my ligte sê.

Ek kan ook orals parkeer. Maar net as ek 'n wit kombi het. Op sypaadjies waar ek die sig vir ander motoriste, veral diegene wat om die hoek kom, versper. Het jy geweet dat Regulasie 305 van die Padverkeerswet sê dat jy nie binne 1,5 m vanaf 'n brandkraan mag parkeer nie? Ook nie waar jou motor verkeerstekens kan blokkeer nie. Jy mag nie binne 5 meter van 'n kruising parkeer nie.

Wit kombi's weet dit nog nie.

Vrystaatse Welkom is die wêreld se Circle City. Kyk, daardie mense weet hoe om 'n sirkel te gebruik. Die verkeer hou aan vloei. Ek dink daar is tans twee verkeersligte in Welkom, maar ek mag verkeerd wees.

Die goue reël is dat aankomende verkeer vanaf regs voorrang geniet. Dis 'n gemors wanneer Gautengers sirkels gebruik. Die ou wat van links af kom en teen 12:00 die sirkel verlaat, wys een van sy vyf vingers as jy durf waag om eerste te ry. Iemand besluit om heeltemal rondom die verkeerssirkel te ry omdat hy eintlik 'n u-draai wil maak, ry om en om en om die sirkel, sonder om enige flikkerlig aan te sit.

Van flikkerligte gepraat: dis gewoonlik 'n luukse in 'n kar. Ook in 'n wit kombi. Want nie almal weet hoe om dit te gebruik nie. Dit laat my dink aan 'n knoppie in my swaer se kar wat "DNT" gemerk was. Ek weet nou nog nie wat die doel van hierdie knoppie was nie. My swaer het my wysgemaak dat dit staan vir "Do Not Touch" waaraan ek gehoor gegee het.

Wanneer jy uit die verkeerssirkel beweeg, sit jou flikkerlig aan. Dis maklik.

Verkeersligte. Suid-Afrikaners noem die goed mos "robotte". 'n Robot is 'n meganiese voorwerp wat sekere take verrig, soos in 'n fabriek. Ek weet glad nie hoekom ons sou wou verwys na 'n robot nie. Ek noem dit verkeersligte.

Iedergeval. As kleuter het ons hardop saamgesing: Stop sê die rooi lig, ry sê die groen lig, pasop sê die geel lig, pasop wat jy doen. Ek dink juffrou Linda by Hasie Kalbassie Kleuterskool het die verkeerde woorde beetgehad, want dit is nie wat ek rondom my sien nie.

Het jy geweet dat 'n geel lig bloot beteken dat diegene wat in die kruising is wanneer die lig geel word, tyd gegun word om uit die kruising te kom voordat die lig rooi word? Nee, liewe gemeente, gewis nie. Hier in Pretoria kan jy nie waag om eerste oor die kruising te ry wanneer die lig vir jou groen word nie, want daar is nog karre wat die laaste ligrooi van die verkeerslig misbruik om woerts oor die kruising te jaag. Maar net as ek 'n wit kombi het.

Selfone. Ek kry diegene regtig jammer wie se selfone aan hulle se ore vasgegroei het. Maar wees nie bevrees nie: ek ken 'n baie goeie plastiese chirurg wat dit netjies kan verwyder sonder om 'n merk te los.

Ek probeer om ten minste drie keer per week te gaan stap tydens my etensuur. Ek tel dit gewoonlik: in een uit elke drie motors wat verby my ry is daar 'n bestuurder met 'n selfoon teen die oor of een wat besig is om op sy selfoon te skerm te kyk.

Ek weet jy dink dat jy kan multitask. Maar hier is die verrassing: jy kan nie. Dit gaan oor 'n breukdeel van 'n sekonde. Dan is dit te laat. Die mens voor jou het dan vinnig remme aangeslaan en jy jaag kaboems binne-in hom vas.

Wat my die meeste ontstel is ouers wat hulle kinders op hulle skote laat sit. Ek sien dit ongelukkig net so gereeld. Onlangs het daar iemand voor ons ingejaag. Kleuter op die skoot wat styf aan die paneelbord vashou en soos 'n skippie van kant tot kant dobber wanneer pa vinnig om die draai jaag.

Jy sal nie glo nie: bogenoemde is almal strafbare oortredings. Maar nie as ek 'n wit kombi het nie. Ek het verlede week gehoor hoeveel verkeersmanne ons in Pretoria het. Wat ek nog nooit gesien het nie. Hulle reël nie die verkeer by stukkende verkeersligte of waar daar kragonderbrekings is nie. By ons doen die vriendelike Outsurancemanne dit. Hier naby is daar ook twee bedelaars wat die verkeer reël, waarvan een net een been het en op krukke rond hop.

Doen net jou deel om die verkeersreëls te gehoorsaam. Probeer ten minste. Jy gaan dalk die een wees wat 'n verskil maak.

En kry eers 'n man en 'n babastoeltjie voordat jy die baba kry.

O ja. Maar deesdae maak die volgorde seker nie meer saak nie.

# INSPIRASIE RESEPTE - *Pasch du Plooy*



"Steak tartare" is 'n baie klassieke dis, maar is deesdae al meer beskikbaar op spyskaarte in Suid Afrika. Die oorsprong van die gereg kom sover terug as 1903, en is deur die bekende Franse chef Escoffier in sy boek as beefsteak à l'américaine bekend gestel.


Die gereg bestaan uit maalvleis (verkieslik met die hand gesny), uie, "capers", anjovis, Worcestershire-sous en ander geurmiddels.

Dit word tradisioneel bedien met brosbrood of fyn tjips en rou eiergeel op die kant. Tartare op die Franse manier is dalk die mees bekende dis, maar meeste ander lande het ook soortgelyke disse.

**Een van my gunsteling interpretasies van Tartare is as volg:**

Beesvleis tartare met sojasous en sesamsade
Voorbereidings tyd – 30 minute
Kooktyd – geen
Bedien - 4 mense

**Bestandele vir tartare**
600g koppie Bees fillet, baie fyn gekap of gemaal
2 eetlepel kappertjie bessies (Capers), fyn gekap
2 eetlepel agurkies, fyn gekap
4 eetlepel rooiuie, fyn gekap
1 anjovis fillet, fyn gekap (opsioneel, maar beveel aan om te probeer)
2 teelepel Dijon mosterd
¼ koppie Hellmann's mayonnaise (tuis gemaak werk ook)
4 eetlepels sojasous
2 eetlepel goeie olyfolie
'n paar druppels rooi Tobasco sous, of na smaak
Seesout en Peper na smaak
4 eiergele, in halwe doppe gehou
4 eetlepels geroosterde sesamsade
2 teelepel sprietuie, fyn gekap



**Metode:**
Gebruik 'n glas-, plastiek- of houtmengbak. Voeg nou die kapperbessies, agurkies, rooiuie, anjovis, mayonnaise, sojasous, Dijonmosterd en tobasco in. Meng die mayonnaise mengsel goed. Voeg nou die beesvleis in, en meng goed. 'n Vurk werk lekker vir die meng. Voeg nou die olyfolie in en geur na smaak met seesout en peper.

Bedien met rou eiergeel en besprinkel met sesamsade en sprietuie. Sout koekies of brosbrood is baie lekker saam!

**Wenk**
Al jou bestandele moet baie fyn gekerf / gekap wees. Dit is die geheim van tartare, maar moet nie met 'n voedselverwerker gedoen word nie. Meng jou vleis vinnig na jy die olyfolie bygevoeg het. Dit maak die vleis heerlik romerig.

***Resep deur Pasch du Plooy Wenner van die TV reeks Kokkedoor se 3de seisoen in 2019. - www.pasch.co.za***













# 'n Aand van "Kos met Musiek"

Op Vrydagaand 12 Mei het die Fynproewers weer bymekaar gekom vir 'n aand van "Kos met Musiek."

Ons gaskunstenaar vir die aand was Pastoor Derick de Lange wat tussendeur al die geregte vir ons gesing het. Daar was ook 'n verrassingsitem gelewer deur 'n onbekende dame wat Carike Keuzenkamp se Byeboerwa nuwe betekenis kom gee het! Heelwat bekendes het ook die aand bygewoon soos Janis Choplin, Cat Stevens, Jack Parrow, Lady Agatha, Fred Astaire en sy Dolly, die Chaplins, James Dean, Nana Mouskouri, Johan Stemmet, Juanita, Ken Mullan, Thys die Bosveldklong en sy Franse Edith Piaf. Daar was ook 4 Arabiere vanaf Dubai wat kom inloer het. Van die geregte wat bedien was, het ingesluit, Stukkende skoen-en-Currie Cup sop. Die hoofmaal het uit die volgende vleise bestaan: Japie Swartskaap, Osbraai op Kromdraai en die hoender wat nie kêkkel nie.

Aan die groente kant van die bord het jy was heerlike 506-poffers, Poep-song-bone en Boerepompie (konsertina) aartappels gekry. Die twee slaaie was 'n Mengelmoeskardoes en die Hasie met die kort stertjie se slaai. Die Gemmerkoekman met sy houertjie vla het hierdie keer nie weggekom nie, hy was vir nagereg bedien. Die gesellige aand is afgesluit met koffie.

Die volgende byeenkoms sal in Augustus plaasvind.


*Op die foto vl: Koos en Christie van Niekerk, Annari en Burger Combrink. Voor: Elzeri Combrink.*


*Louis Kleynhans en Hestel Geldenhuys*


*Izerka en Alwyn Swart.*


*Nellien en Corrie Scheepers*

# Afriforum behaal oorwinning teen Rand Water

*Deur Marthinus Koekemoer - 10/05/2023*

AfriForum het op 10 Mei 2023 'n reuse oorwinning vir die inwoners van Secunda, Bethal, Trichardt, Kinross, Evander, Leandra en Charl Cilliers in die Hooggeregshof in Pretoria behaal. Dié hof het met koste in die burgerregteorganisasie se guns beslis teen Rand Water se besluit om waterdruk in hierdie dorpe te verlaag.

Dit volg ná Rand Water in 2020 die waterdruk in dié dorpe wat onder die Govan Mbeki Plaaslike Munisipaliteit val, begin verminder het. Rand Water het hierdie stap gedoen omdat die munisipaliteit se skuld aan Rand Water al etlike miljoene beloop het. Die waterdruk in dié dorpe was met tye egter so laag dat daar nie water in die krane was nie.

AfriForum het Rand Water gevra om hul besluit te verduidelik, maar hul antwoord was onvoldoende en het AfriForum genoodsaak om die hof te nader. Die aansoek het behels dat Rand Water die waterdruk moet verhoog sodat dit weer normaal is en dat hul optrede as ongrondwetlik en ongeldig verklaar moet word.

"Hierdie saak was die eerste van sy soort en kan nou as bloudruk aangewend word by enige ander dorp of munisipaliteit wat water by Rand Water kry. Daar is verskeie munisipaliteite in Gauteng, die Vrystaat, Noordwes en Mpumalanga wat hul water van Rand Water ontvang en AfriForum sal ondersoek instel of iets soortgelyks in daardie munisipaliteite plaasvind. Indien dit die geval sou wees, sal ons ook daar teen Rand Water optree. Die hofbevel sê duidelik dat hulle nie waterdruk mag verlaag nie en as hulle sou, sal hulle skuldig wees aan minagting van die hof," sê Marié Steinberg, AfriForum se hoof van gemeenskapstrukture in die Noordstreek.

Rand Water het die vermindering van die waterdruk as meganisme gebruik om nie heeltemal toegang tot water op te skort nie, wat ongrondwetlik sou wees, maar die effek hiervan was byna dieselfde. Steinberg sê verskeie inwoners in die geaffekteerde dorpe het by AfriForum om hulp kom aanklop toe hulle krane opgedroog het. AfriForum het in daardie stadium noodwaterpunte opgerig om die inwoners te help en in Maart 2021 met die hofproses begin.


*AfriForum het noodwaterpunte aangebring om inwoners van die Govan Mbeki Plaaslike Munisipaliteit te help. Rand Water het op kort kennisgewing voor vandag se hofverskyning van regsverteenwoordiger verander en het vir uitstel gevra, maar die hof het hul versoek geweier.*

*"AfriForum sal nie toekyk dat gemeenskappe gestraf word weens die wanbestuur van staatsentiteite en munisipaliteite nie. Ons sal ook nie skroom om op te tree indien hierdie drakoniese maatreëls weer in ander areas geïmplementeer word nie," sê Hennie Bekker, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Hoëveld.*


TELWIEDRE VOERE

## VAKANTE POS
KREDITEURE KLERK

**Telwiedré Voere in Heilbron beskik oor bogenoemde vakature.**
**Voornemende kandidate moet oor die volgende eienskappe beskik:-**
- Goeie menseverhoudinge en vriendelik
- Betroubaar, stiptelik en lojaal
- Emosioneel volwasse persoon, wat onder druk goed funksioneer
- Nougeset, netjies en akkuraat
- Deeglik, uiters verantwoordelik en bekwaam
- Moet kan saamwerk in 'n administratiewe span

**VEREISTES:-**
- Graad 12-sertifikaat en rekenaargeletterd wees
- Syferaangelê wees
- Ondervinding in Pastel en Excel sal in jou guns tel
- Tweetalig wees

**VERANTWOORDELIKHEDE:-**
- Algemene kantooradministrasie en ondersteuningsdienste
- Akkurate verwerking van fakture tot op betaal stadium
- Effektiewe hantering van maandeindes en nakoming van sperdatums
- Alle ander aspekte wat op die pos betrekking mag hê

**Sluitingsdatum:-** Donderdag, 25 Mei 2023 om 11:00
**Belangstellendes:-** E-pos u aansoek na admin@telwiedre.co.za

## VACANCY
CREDITORS CLERK

**Telwiedré Voere in Heilbron have the above-mentioned vacancy.**
**Prospective candidates must possess the following qualities: -**
- Good Human relations and friendly
- Reliable, punctual, and loyal
- Emotionally mature person, who function well under pressure.
- Meticulous, neat, and accurate
- Thorough, extremely responsible, and competent
- Must be able to work in an administrative team.

**REQUIREMENTS-**
- Grade 12 certificate and computer literate.
- Numerically literate
- Experience in Pastel and Excel will be to your advantage.
- Bilingual

**RESPONSIBILITIES:-**
- General administrative and supporting services
- Accurate processing of invoices until payment of invoices
- Effective handling of month-end and compliance to deadlines
- All other aspects that may relate to this position.

**Closing date:-** Thursday, 25 May 2023
**Interested parties:-** Mail your application to admin@telwiedre.co.za

Laerstraat | Laer Street, Heilbron
Posbus | P.O. Box 294, Heilbron, 9650
Tel: 058 852 2742

# Groot waardering aan SHORT TERM TRUST

BROKERS ~ MAKELAARS

## & Personeel

Graag wil ons vir Short Term Trust baie dankie sê vir hulle flinke diens nadat ons huis gebrand het.

Ons is baie gou in 'n posisie geplaas om weer ons huis leefbaar te maak.

Hier is 'n bewys om te sorg dat jou versekering reg is en dat jy reg geadviseer is as so iets op jou pad kom.

Weereens ons opregte dank.

*Koos en Christie van Niekerk*

















# Rol van Burgemeesters in Munisipaliteite

Baie word bespiegel oor presies wat die rol en pligte van burgemeesters, speakers, raadslede en senior munisipale bestuurders in munisipaliteite behels. Hierin word gepoog om bietjie helderheid oor die rol van ’n burgemeester te bring.

’n Burgemeester is allereers die seremoniële hoof van ’n munisipaliteit. Dit vereis dat die burgemeester gaste en hooggeplaasde besoekers ontvang, gemeenskappe besoek om welwillendheid te bevorder, waar toepaslike funksies aanbied en/of bywoon asook programme reël om nasionale feesdae te herdenk. Hy/sy moet ook die besienswaardighede en ontwikkelingsgeleenthede in die dorpe van die munisipaliteit bemark en bevorder. Die burgemeester kry ’n begrote bedrag vir hierdie doel wat die raad bepaal en elke jaar as deel van die jaarlikse begroting goedgekeur word. Die burgemeester beskik dus nie oor onbeperkte fondse waaruit optredes ingevolge die seremoniële rol gefinansier kan word nie.

Tweedens is die burgemeester die leier van die munisipale raad. Die voorregte en pligte verbonde aan dié rol word streng volgens wetgewing hanteer en geen burgemeester mag buite die daargestelde raamwerk opereer nie. Primêr is die burgemeester getaak met die voorbereiding van en implimentering van die raad se begroting. Hy/sy moet in hierdie verband leiding gee, maar het geen besluitnemingsreg nie. Hy/sy moet wel leiding neem en gee met die begrotingsprosese en die begrotings-implimenteringsplan/skedules ko-ordineer en dan die konsepbegroting, na finalisering daarvan, aan die raad voordra en goedkeuring daarvan bekom.

Die burgemeester is voorts verplig om die Lid van die Provinsiale Uitvoerende Komitee in te lig oor enige finansiële probleme wat mag ontstaan en om, waar nodig, ’n aanpassingsbegroting te laat opstel en aan die raad voorhou vir aanvaarding of afkeuring. Die primêre plig om die bedrywighede en finansies van die munisipaliteit te bestuur is egter die plig van die munisipale bestuurder as rekenpligtige beampte van die munisipaliteit.

Die burgemeester moet wel, binne bepaalde beperkings deur wetgewing daargestel, oorsig uitoefen oor die verantwoordelikhede van die munisipale bestuurder en hoof finansiële beampte om te verseker dat die munisipaliteit se statutêre en grondwetlike pligte nagekom word. Hy/sy moet ook oorsig hou om te verseker dat die munisipale bestuurder en hoof finansiële beampte die raad se Kredietbeheer Bywet behoorlik toepas en uitvoer. Hy/sy moet hieroor kwartaalliks verslag doen aan die raad wat dan besluite oor die sake mag neem soos nodig of raadsaam mag wees.

Verder is die burgemeester getaak met uitvoering van enige funksie wat die raad aan hom/haar mag delegeer. Ook hierdie rol is egter beperk omdat die raad hoofsaaklik besluite oor die moontlike onteiening van grond of grondregte en vasstelling van vergoeding van senior bestuurders aan hom/haar mag delegeer. Hy/sy het egter ook ’n algemene plig om toe te sien dat en stappe te neem om te verseker dat die munisipale bestuurder en personeel alle statutêre en grondwetlike pligte wat op die munisipaliteit rus uitvoer. Hy/sy moet ook monitor dat senior bestuurders behoorlik presteer ooreenkomstig hul prestasieooreenkomste met die raad en waneer ookal wenslik daaroor verslag te doen aan die raad sodat die raad gepaste optrede kan neem. Die burgemeester is nie bevoeg om self stappe teen ’n wanpresterende senior bestuurder te neem nie.

Die burgemeester is verder getaak om maandeliks finansiële verslae te laat saamstel om te monitor dat uitvoering aan die begroting gegee word. Hy/sy moet stappe inisiëer om uitgawes te bekamp wanneer begrote inkomste nie realiseer nie en moet daaroor verslag doen aan beide die raad en Lid van die Provinsiale Uitvoerende Komitee. Die dag tot dag bestuur van alle munisipale sake is en bly egter die plig van die munisipale bestuurder en sy personeel. Soos hieruit blyk het die burgemeester in die dag tot dag bedryf van munisipale sake hoogstens ‘n leidende/adviserende rol. Munisipale wetgewing verbied hom/haar en elke ander raadslid om in te meng met of opdragte te gee aan die munisipale bestuurder of enige van sy personeel by die uitvoering van hul pligte, anders as binne die streng beperkings in die vermelde wette vervat. Enige opdragte betreffende die bestuur van die munisipaliteit moet, tensy spesifiek gedelegeer, spruit slegs uit besluite van die raad geneem op advies van die burgemeester op ’n behoorlik gekonstitueerde raadsvergadering.

Ek vertrou voorgaande werp ietwat meer lig op die rol, bevoegdhede en pligte van ’n burgemeester in die munisipale opset.

***VF Plus Raadslid,***
***Phillip van der Merwe,***
***Heilbron***

# VF Plus LP besoek Heilbron

Vryheidsfront LP Tammy Breedt het Dinsdag besoek te Heilbron afgelê ter bywoning van die Heilbron tak van die party se reorganisasievergadering. Sy het die aanwesiges toegespreek oor onder andere die voordele van die party se betrokkenheid by die Unrepresented Nations and Peoples Organization (UNPO).

UNPO is ’n internasionale liggaam wat hom beywer vir die beskerming van minderheidsregte wêreldwyd en beskik tans oor simpatieke oor by beide die Europese Parlement en die Verenigde Nasies. Me Breedt dien op die presidensie van UNPO waar sy ’n belangrike rol vervul in die bestuur van die organisasie se werksaamhede. Enige minderheidsgroepering wie se politieke regte of kultuur onderdruk word kan op aansoek lidmaatskap van die organisaie bekom.

In die parlement beklee sy onder andere die party se portefeulje op die Landbou en Grondsake Komitee waar sy reeds groot deurbrake vir boere gemaak het. Tans is sy gewikkel in ’n stryd om te verseker dat entstowwe, wat tans skaars is, meer geredelik aan boere beskikbaar gestel word. Volgens haar het Onderstepoort pas aan haar die versekering gegee dat die kwessie dringend aangespreek word en dat die tekort aan entstowwe binnekort opgelos sal wees.

Plaaslik is raadslid Fanie Malherbe herverkies as die takvoorsitter, Jannie Snyman as ondervoorsitter en Paul Bergh as sekretaris. Raadslid Phillip van der Merwe is die addisionele lid op die takbestuur.

# Magriet getraumatiseer na inbraak

Die toenemende inbrake in Heilbron het die afgelope week ’n inwoner erg getraumatiseer gelaat. Agterbakse boewe betree private eiendomme en teister Heilbronners. Die mees onlangse inbraak wat Heilbroners gegrief het, was die inbraak by Magriet Booysen (91 jaar). Dit word beweer dat 'n onbekende man haar huis binne gekom het en haar juwele uit haar kamer gesteel het. Magriet is gelukkig nie ernstig beseer nie, maar die gebeure was natuurlik vir haar baie traumaties. Sy is tans by familie sodat hulle na haar kan omsien. Die gebeurtenis gee inwoners hoofbrekens, veral bejaarde inwoners is baie angstig. Die gemeenskap word aangeraai om deurentyd op waaksaam en bedag te wees.

**Hier is 'n paar wenke wat kan help om sekuriteit te bevorder:**

1. Hou deure toe en gesluit, selfs gedurende die dag en maak seker dat dit gedoen is voorat jy gaan slaap.
2. Moenie saans uitgaan om te kyk waarom honde blaf nie. Dit kan 'n lokval wees en die mense buite kan gewapen wees. Skakel eerder die beheerkamer indien daar verdagte aktiwiteit is.
3. Moenie waardevolle items soos juwele, horlosies, draagbare radio's, klere, handtasse, kameras en beursies op vensterbanke of by oop vensters laat lê nie. Dit lok boosdoeners.
4. Oorweeg om 'n selfverdedigingsmiddel soos “pepperspray” byderhand te hê vir noodgevalle. Dit kan help om jouself te beskerm as jy in 'n gevaarlike situasie beland.

Dit is belangrik dat die gemeenskap meedoen om die veiligheid in Heilbron te verbeter.

Inwoners kan ook die plaaslike buurtwag ondersteun deur betrokke te raak en inligting te deel. Saam kan ons dit moeiliker maak vir inbrekers om te opereer en ons geliefde gemeenskap veiliger maak.

Die gemeenskap moet onthou dat veiligheid almal se verantwoordelikheid is en dat ons saam kan werk om dit te bereik.

## HEILBRON SAPS

THEFT OF MOTOR VEHICLES AND HOUSEBREAKING AWARENESS

ALERT!!! | BE AWARE!!!

WEES BEDAG!!! | WEES PARAAT!!!

**Please take note that the Housebreakings and Theft of Motor Vehicles (bakkies/motorcycles/ motor cars) are high in demand and are stolen daily especially during load shedding at night.**

- Please be advised to be on the lookout for suspicious people and vehicles.
- Please do not ignore the barking of your dogs / or dogs in the neighbourhood.
- Please inform a friend or neighbour when you leave your house for holiday/ weekends - asked them to remove post and pamphlets from the street post boxes.

# Goeie nuus oor SPAR

Na 'n periode van ongeveer 10 maande waartydens Spar se deure toe was, is dit net 'n kwessie van tyd voordat die winkel weer open. Daar is onlangs 'n ooreenkoms bereik tussen die nuwe voornemende eienaar van Spar en die munisipaliteit oor die uitstaande skuld. Die munisipaliteit het 'n amnestie aanbod gemaak waarin 40% van die uitstaande skuld afgeskryf sou word as die oorblywende 60% betaal sou word, en hierdie aanbod het bygedra tot ’n positiewe uitkoms.

Tydens die vergadering het die nuwe eienaar aangedui dat daar baie opknappingswerk aan die binnekant van die gebou, rakke, ensovoorts gedoen moet word voordat die winkel heropen kan word. Die beraming is dat dit tussen 6 en 8 weke kan neem om die werk af te handel. Sodra dit gedoen is, sal die winkel weer van voorraad voorsien word en dan sy deure heropen. Die gemeenskap het groot vooruitsitgte vir die oomblik wanneer die besigheid weer sy dienste kan aanbied.

Die heropening van Spar is 'n belangrike gebeurtenis vir die gemeenskap. Dit was nog altyd 'n sentrale plek waar inwoners 'n verskeidenheid van benodigdhede kon bekom, en die tydelike sluiting het 'n gaping in die gemeenskap se behoeftes veroorsaak. Die ooreenkoms tussen die nuwe eienaar en die munisipaliteit gee hoop aan die inwoners dat hierdie gaping binnekort gevul sal word.

Inwoners kan uitsien na 'n opgeknapte en vernuwende Spar-winkel wat hulle weer van al die vertroude produkte en dienste sal voorsien. Die voornemende eienaar was nie beskikbaar vir kommentaar voor druktyd nie.

# KENNISGEWINGS

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **Aucamp**
First names: **Dirk Johannes**
Estate Number: **6009/2022**
Identity/passport number: **540112 5010 087**
Date of death: **19/06/2022**
Last address: **100 Raubenheimer Street, Heilbron, 9650**
**THE FIRST AND FINAL** Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 19 May 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office. Heilbron.
In case of a marriage in community of property:
First Names and Surnames of Surviving Spouse:
**JUDITH AUCAMP**
Identity/Passport Number: **570309 0026 083**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O. BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AAS/EH/**
**DATE SUBMITTED: 2023/05/08**
Publication date in the
Government Gazette: 2023-05-19

## GEREGTELIKE VERKOPING

**Saaknommer: 20/2023**
In die Landdroshof vir die distrik Heilbron, gehou te Fezile Dabi.
**Tussen:**
**FAR SECURITY SERVICES CC**
*Eiser*
en
**VRB FARMS (PTY) LTD**
*Verweerder*
Ingevolge 'n vonnis gelewer op 2 Maart 2023, in die Heilbron Landdroshof en 'n Lasbrief vir Eksekusie daarna uitgereik, word die goedere beskryf in Eksekusie verkoop te **LANDDROSKANTOOR, ELSSTRAAT, HEILBRON** op die **19DE DAG VAN JUNIE 2023** om **13:15,** aan die hoogste bieër:
**GOEDERE**
**30 x WITKOP DORPER SKAPE**

1. Reëls van hierdie verkoping is beskikbaar 24 uur voorafgaande die verkoping te die Landdroskantoor, Elsstraat, Heilbron.
2. Registrasie as koper is 'n vereiste onderworpe aan bepaalde voorwaardes o.a.
 2.1 Voorskrifte van die Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008 (URL.http:www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?ID=99961)
 2.2 Fica-wetgewing m.b.t identiteit en adres besonderhede
 2.3 Betaling van registrasiegelde
 2.4 Registrasievoorwaardes Verkoping sal geskied deur die kantoor van die Balju Heilbron met afslaer WYNAND MIENIE.
3. Advertensiegelde teen heersende publikasietariewe en verkopingskoste volgens hofreëls, geld.

Gedateer te Heilbron op die 15de dag van Mei 2023.
**(GET) JH JANSEN**
**EISER SE PROKUREUR**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58, HEILBRON**
**TEL. NO.: 058 852 2816**
**FAKS NO.: 086 665 0816**
**E-POS: jhjansen@jansenprokureurs.co.za**
**VERW: FAR3/0002/JHJ/cm**

**HOU HEILBRON SKOON**


**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*




**AANDAG!**
Alle Heilbron Kunstenaars
Ons nooi graag kunstenaars uit om hul kuns ten toon te stel by Riemland Museum se eerste kuns uitstalling vir 2023!
Kontak
Lanzo – 081 898 1457
Om jou plek te bespreek en jou kuns uit te stal
RIEMLAND MUSEUM

# DIENSTE

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en
14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 heraldnuus@heilbron.co.za**

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023**

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 3 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 08 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |
| 12 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 19 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 02 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 07 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 14 OKTOBER | TROFEE MEET/JAARVERGADERING /DINEE BLOEMFONTEIN | |
| 03 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 18 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2024 MOET NOU BETAAL WORD | |

Please Don't Litter

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE:**
08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**





GiG Technologies
Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support
Technology without the headache!



Herald
Office National
NCR Printing
no-carbon-required
Book Printing
Design & printing:
Invoice books
Receipt books
Delivery books
Order books
Individually numbered
Duplicate, triplicate & more
100% OPERATIONAL


# SMALLS

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078




# HERALD *Sport*


## WINKELURE

**MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00**
**VRYDAE: 07:30 - 16:30**
**SATERDAE: 08:30 - 13:00**

**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**
























**BKB**

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 22 MEI 2023**

DEVON Speenkalf veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 23 MEI 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

OHRIGSTAD: ESTMENT FARMING (PTY) LTD
BRONRICH BONSMARA VEILING
11:00, Bronrich
Kontak Rocco van Rooyen 082799 2776

**WOENSDAG - 24 MEI 2023**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

ORANJEVILLE: STELENA SAVM
16DE PRODUKSIEVEILING
11:00, Nooitgedacht
Kontak JD Steyn 072 877 6984

**DONDERDAG - 25 MEI 2023**

PARYS AFRI-DOME: SENTRAAL STREEK
BRANGUS OPMARS NA DIE NOORDE 10
11:00, Afri-Dome
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 26 MEI 2023**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**www.bkb.co.za**
**BKB Limited 1998/012435/06**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071**
**e-pos: frankfort@bkb.co.za**



EST. 2021
**OJ'S**
ON LONGMARKET

058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00

**50% afslag op alle kos items!**
*Geldig op Donderdae gedurende Mei 2023 | Take Away & drankies uitgesluit*